# SONDE MET DIE WESE VAN DIE SONDELEER — VERSTEURDE DAAD, VERHOUDING OF TOESTAND?

F.B. Doubell[1]

## ABSTRACT

## TROUBLE WITH THE ESSENCE OF THE DOCTRINE ON SIN — DERANGED ACTION, RELATIONSHIP OR CONDITION?

This article focuses on the doctrine of sin. Many ethical questions and answers in religious or theological discussions are based on the view that someone has on the essence of sin. Ethical questions are always burning issues, while the essence of sin is a more theoretical and less favourite topic. The question addressed in this article is whether the essence of sin is found in our actions, our relationships or our condition as sinners. It is argued that our deranged actions and relationships are mere symptoms of our deranged condition. Just as cancer, death, trauma, sinful deeds and relationships, this condition did not change after Christ's redemption. Christ's redemption saved us from the power of sin, but the sinful condition, actions and relationship will only be rectified to the full with his second coming. Therefore, as all of us are still caught in this condition, we need to have more empathy for one another. We need to know that although we do not have someone else's symptoms, we do have the same condition with only other symptoms.

> I once had a dream in which three other people and I were sitting at a table. One of the individuals was crying profusely. The other two were engaged in dialogue about the reason for this person's stress. One of them said, "There they go again feeling sorry for themselves." The other said, "No, they are just going through some hard times, but they'll be okay." I began to try to convince them of his need for deliverance. In the meantime, the person who had been crying … eventually he disappeared before my eyes ….
>
> Of the four individuals at the table, the one crying represented the person who had serious personal problems. One represented the "accuser" who found fault with him. Another represented the "excuser," who simply released him from any responsibility. I represented the "diffuser" who had the answer, but who was engaged in argument with

1 Dr. F.B. Doubell, Departement Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat; en leraar van die N.G. Gemeente Waterbron.

> the accuser and the excuser. The person's death took place because I had focused on my convincing them rather than helping him (Williams 2005:17).

# 1. INLEIDING

Die aanhaling hierbo vat die probleem rondom die sondeleer vandag goed saam. In die aangesig van sonde is daar altyd die een wat wil aankla, die een wat wil verskoon en die een wat wil vrede maak tussen die aanklaer en die een wat wil verskoon. In die aktuele gesprekke oor homoseksualiteit binne die kerk sien ons hierdie drie figure telkens weer na vore kom: "Dit is sonde", "Dit is nie", "Kom ons kry 'n standpunt wat tog net die vrede kan bewaar". Ten diepste lê die probleem by 'n oppervlakkige sondebegrip.

In hierdie artikel wil ek poog om die gesprek rondom die vraag na die wese van sonde weer eens op die tafel te plaas. Of ons oor homoseksualiteit, dobbel, alkoholisme, rook of liefdeloosheid nadink, is dit tog eerstens nodig om weer na te dink oor wat sonde is. Moontlik mag dit gesprekke rondom bogenoemde "sondes" in meer verstaanbare bane laat vloei. Die probleem is dat sondetemas of etiese kwessies altyd aktueel is, maar dat die wese van sonde as dogmatiese tema 'n minder aktuele of opwindende kerklike gesprek uitlok. *Hierdie artikel het juis ten doel om hierdie dogmatiese fondament opnuut onder bespreking te bring*. 'n Fondament is nooit 'n opwindende argitektoniese struktuur om te waardeer nie, maar daarsonder sal die mooiste argitektoniese pragstuk in duie stort.

Dit is bykans onmoontlik om die wese van die sonde binne die bestek van een artikel mooi in die oog te kry. Die wese van die sonde is enersyds 'n te breë tema vir een artikel en andersyds sou 'n mens die implikasies van 'n spesifieke blik op die wese van die sonde ook kortliks wou noem. Aan die een kant is daar etlike akademiese gesprekke wat binne die grense van hierdie aspek van die sondeleer afspeel en aan die ander kant word die wese van die sonde nie eens in debatte rondom aktuele temas in die etiek en pastoraat genoem nie. Dit laat iemand wat oor die wese van die sonde wil nadink, effe verleë staan. Die wese van die sonde is 'n te breë tema om in een artikel aan te pak én 'n mens sou nie net by die wese van die sonde wil stilstaan nie, maar ook verwys na die implikasies wat 'n bepaalde sondebegrip vir die res van die teologiese debat het.

Teen hierdie agtergrond is hierdie artikel niks meer as 'n eerste verkenning van die probleem rondom die wese van die sonde nie. Resente bronne oor die sondeleer en selfs oor die wese van die sonde as sodanig kom nog nie eens ter sprake nie. Die artikel is dus slegs 'n wegspringplek in 'n lang akademiese en praktiese reis deur die landskap wat lê tussen die sondeleer, die res van die Dogmatiek, die Etiek en die Pastoraat. Latere verfyning sal die plek van hierdie artikel binne die reis wat ek wil onderneem, duideliker na vore bring.

Die belangrikste vrae wat hierdie artikel wil vra — en dit bepaal ook die struktuur van die artikel — is dus die volgende:

1. Waar lê die landskap van die wese van die sonde op die landkaart van die Dogmatiek en selfs op die wêreldkaart van die Teologie?
2. Staan wese en oorsprong direk met mekaar in verband? Sou 'n mens met ander woorde enigsins na die landskap van die wese van die sonde kon reis sonder om by die landskap van die oorsprong van sonde aan te doen ?
3. Hoe lyk hierdie landskap, wat is reeds daaroor gesê en wat kan ons te wagte wees? Waarvoor moet ons gereedmaak en wat sal ons moet inpak?
4. Wat sou die rede wees waarom 'n mens die landskap van die wese van die sonde enigsins wou gaan opsoek? Is dit relevant, aktueel en sinvol om jou hoegenaamd met hierdie landskap besig te hou? Anders gestel: Het die landskap van die wese van die sonde enigsins iets te sê vir die wêreld van kerk, Teologie en Christenwees, byvoorbeeld in die Etiek en die Pastoraat?

## 1. DIE DOGMATIESE PLEK VAN DIE SONDELEER: 'N VINNIGE BLIK NA DIE WÊRELDKAART

Tradisioneel kom die sondeleer ná die skeppingsleer, mensleer en die voorsienigheidsleer aan die orde (Vgl. byv. Heyns 1988:ii-iii en Van Genderen & Velema 1992:9-10). Hoewel 'n mens die sondeleer nie as die basis van die Dogmatiek kan beskou nie, sou die meeste leerstukke in die Dogmatiek sonder die sondeleer in duie stort. Dink byvoorbeeld aan die sin van die verlossingsleer, aspekte van die ver-

bondsleer, Christologie, sakramentologie, ekklesiologie en eskatologie wat hul betekenis sou verloor. Sonder die sondeleer word die gebrokenheid van die wêreld onverstaanbaar, die goedheid van God word bevraagteken, die noodsaaklikheid van die Verlosser val weg en die nodigheid vir 'n Trooster verval. Dit behoort dus duidelik te wees dat ons nie sommer sou kon besluit om die sondeleer uit die geloofsleer weg te haal nie. Die totale Dogmatiek sou daardeur inmekaar val.

Dit geld nie net wanneer 'n mens die sondeleer laat wegval nie, maar ook wanneer 'n mens radikaal anders oor die sondeleer begin dink. As die sondeleer verswak word, verswak die verlossingsleer, die Christologie en die volledige geloofsleer. As die sondeleer radikaal anders bedink word, sal die totale geloofsleer anders daar uitsien. Dit is juis hierdie argument wat wys dat ons die sondeleer duidelik uiteen moet sit wanneer ons die geloofsleer goed wil begryp.

## 2. DIE OORSPRONG VAN SONDE: SAL DIE PAD HIERLANGS MÓÉT GAAN?

Die begrip sonde het in ons tyd óf vervlak óf dit word totaal ontken. Vir die samelewing is die kerk dikwels die organisasie wat sonde in alles sien en uitwys. Die hartseer is dat die kerk juis die teenoorgestelde taak het. Die kerk is nie in die eerste plek daar gestel om sonde uit te wys nie (sekondêre taak), maar om die genade te verkondig (primêre taak). Tog sou die verkondiging van genade en verlossing geen sin maak indien dit nie voorafgegaan word deur die uitwysing van die sonde nie. Hierdie uitwysing word dikwels verkeerd verstaan asof dit die primêre taak van die kerk is om te wys op dit wat moet en dit wat nie mag nie. Die wêreld verstaan die kerk se taak dikwels in hoofsaak as bewaarder van sedes, neerlegger van norme en skepper van die etiek. Ongelukkig verstaan 'n hele aantal gelowiges dit ook so en ongelukkig lyk die kerk dikwels na niks anders en niks meer nie. Dit vervlak die ekklesiologie en doen baie skade aan die beeld van die kerk, maar tog moet die kerk wys op die probleem (sonde) vóór dit die oplossing (verlossing) kan verkondig. In die uitwysing van die probleem moet daar allereers verwys word na die moment toe die probleem onstaan het.

Die moeilikheid met die oorsprong van sonde lê in hoofsaak by die Bybelse vertelling daarvan in Genesis 3. Eksegetiese probleme by

Genesis 3 maak die tradisionele standpunt rondom die oorsprong van sonde problematies. Enkele eksegetiese vrae sal die probleme rondom Genesis 3 verhelder:

1. Was daar werklik net een ouerpaar?
2. Waar het hul kinders dan vrouens gekry?
3. As daar ook ander ouerpare geskape is, kon hulle tog nie die blaam dra vir die een ouerpaar se sonde nie?
4. Waarom moet die wêreld oor eeue heen gestraf word vir iets so nietig soos vrugte steel?
5. Was die slang 'n regte slang of die Satan? Indien dit die Satan was, waarom word die arme slang gestraf?
6. Is Genesis 1-11 nie mitologies van aard nie? Is dit werklik histories korrek?
7. Indien meeste eksegete vandag aanvaar dat Genesis 1-11 nie historiese materiaal is nie, hoe kan ons aanvaar dat daar werklik 'n sondeval was?

Bogenoemde eksegetiese vrae roep ook 'n aantal teologiese vrae op:

1. Was die wêreld nie maar altyd gebroke nie?
2. Het God dit nie maar so geskep nie?
3. Is die bestaan van sonde dan tog nie maar op sy rekening nie?
4. Maak dit dan nie sin dat Hy self daarvoor moes betaal nie?
5. Is die plaasvervangende versoeningsleer dan nie 'n fout nie?

Tradisionele teologie staan 'n bietjie verleë by bogenoemde vrae. Daarom is dit nodig dat die oorsprong van sonde uit 'n ander hoek bekyk moet word. Daar is drie moontlikhede. Eerstens, die tradisionele standpunt wat Genesis 2-3 histories letterlik opneem en dan in bogenoemde probleme vasloop. Tweedens, die allegoriese beskouing waarin die paradysverhaal gesien word as 'n allegorie wat in verhalende vorm die ewige geestelike waarhede oordra. So word die verhaal tot so 'n mate vergeestelik dat daar geen historisiteit meer in die verhaal oorbly nie. Derdens is daar die mitologiese beskouing wat Genesis 2-3 aan mitologiese verhale uit die Ou Nabye Ooste verbind. So word Genesis 2-3 bloot die Israelitiese inkleding van mitologieë uit daardie tyd en verloor Genesis 2-3 enige openbaringskarakter (vgl. byv. Oosterhoff 1972: 15-35).

Dit behoort duidelik te wees dat nie een van bogenoemde beskouings ons uit die moeilikheid help nie. Nóg die histories-letterlike beskouing (wat Genesis 2-3 as gewone geskiedenis sien), nóg die allegoriese beskouing (wat die historisiteit verswak en toevlug neem tot vergeesteliking), nóg die mitologiese beskouing (wat die openbaringskarakter verswak en toevlug neem tot die verhale van die Ou Nabye Ooste) gee aan ons 'n antwoord op die vrae rondom die oorsprong van sonde.

Op 'n manier moet mens beide die simboliese en die historiese karakter van Genesis 2-3 verreken. Hoewel Genesis 2-3 nie vir ons eksakte geskiedenis weergee nie, bly dit histories. Hoewel Genesis 2-3 nie net 'n mite is nie, het dit 'n mitologiese of simboliese kleur. In die geskiedenis van die teologie was daar heelparty pogings om dié twee aspekte in 'n model uiteen te sit (Vgl. Aalders 1932: o.a. 17-20; Oosterhoff 1972:193-228; Von Rad 1972:31-44; Childs 1985:222-228 en vele meer), maar myns insiens is dit genoeg om te erken dat Genesis 2-3 verstaan moet word as histories én simbolies. Die moment wanneer dit enigsins beter in 'n model uiteengesit word, begin ons spekuleer en loop ons ons vas in ons eie onvermoë om hierdie verhaal modernisties "korrek" uit te lê.

Wanneer ons erken dat Genesis 2-3 'n historiese en 'n simboliese karakter het, kan ons met vrymoedigheid saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 14 bely dat God die mens goed, regverdig en heilig geskep het, maar dat die mens homself willens en wetens aan die sonde, dood en vervloeking onderwerp het. Daarmee raak ons nie verstrengel in 'n eindelose debat rondom historiese oneffenhede nie en erken ons die groot waarhede wat Genesis 2-3 ons bied naamlik:

1. God het die wêreld en die mens daarin goed geskape,
2. maar die mens het in ongehoorsaamheid teen God se wil gekies
3. en homself daarmee in sonde en dood gedompel.

Die arrogansie van die verligting het ook die Teologie besoedel. In sy soeke na erkenning wou die Teologie homself bewys as wetenskap wat alles verstaanbaar en verklaarbaar kan maak. Al is dit waar dat die postmodernisme die pad van onsekerheid te ver stap, kan dit die Teologie minstens leer dat alles nie verstaanbaar uitgeklaar kan word nie. En, nog belangriker, dat die Teologie, soos enige ander wetenskap, nie nodig het om dit te kan doen nie. God is alwetend, nie die natuurwetenskap

of die Teologie nie. Daarin lê reeds 'n magtige belydenis wat die Teologie teenoor die wêreld moet erken.

# 3. DIE WESE VAN DIE SONDE

## 3.1 Enkele foto's van die landskap

Wat is sonde? Hierop sal elkeen sekerlik sy eie antwoord wil gee en teoloë verskil deurgaans oor hoe hul die vraag aanpak.

Heyns (1988:174-185) gebruik die beeld van 'n parasiet. Sonde bestaan nie in eie reg naas die goeie nie, maar parasiteer op die goeie. Sonde is nie slegs die passiewe afwesigheid van die goeie nie, maar besoedel die goeie aktief. Sonde is nie slegs 'n verkeerde daad wat die mens pleeg nie, maar ook 'n toestand waarin die mens verkeer. Heyns brei dan verder uit oor wat sonde na sy wese in daad en verhoudinge behels.

Vanuit sy verbondsteologie sien König (1988:137-141; 2001:162-164) die wese van die sonde in hoofsaak in terme van die mens se verhoudings. Die mens is na sy aard 'n verhoudingswese en sonde is wesenlik die aantasting van hierdie verhoudings. Heyns se dade van ongehoorsaamheid en ongeloof word by König aspekte van 'n versteurde verhouding tussen God en mens. Sonde val telkens uiteen in die mens se verhouding tot God, medemens en natuur. Sonde as versteurde verhoudings maak die mens onmenslik. Sonde beëindig nie verhoudings nie, maar besoedel verhoudings.

Joubert (2001:216-228) konsentreer soos König op sonde as verbreking van verhoudings. Hy wys op die gevaar van die verlede waar mense sonde beskou het as 'n reeks euwels wat vermy moet word. So kan gelowiges hul deurgaans besighou om selektief teen enkele sondes op hul eie lys te veg, terwyl die wese van die sonde 'n sondelys ver te bowe gaan.

In hierdie artikel wil ek die wese van sonde uit 'n ander hoek beredeneer. Myns insiens moet die wese van sonde nie beskou word vanuit die effek van ons sondigheid op ons dade en verhoudings nie, maar vanuit die wesenlike toestand waarin ons verkeer. Anders gestel, sonde is nie wesenlik die simptome nie, maar die oorsakende toestand. As ons oor die wese van sonde nadink, moet ons eers begin by dit wat die sondige simptome veroorsaak, naamlik die sondige toestand waarin die mens, ná die sondeval, verkeer (Vgl. Doubell 2002a:67).

### 3.2 Sonde as toestand — 'n ander foto wat 'n mens sou kon neem

Augustinus se onderskeid tussen die drie fases van die mens en sonde is hier verhelderend (Vgl. Heyns 1988:189 e.v.):

1. Vóór die sondeval was die mens *posse non peccare* (in staat om nie te sondig nie).
2. Ná die sondeval is die mens *non posse non peccare* (nie in staat om nie te sondig nie).
3. In die ewigheid sal die mens *non posse peccare* wees (nie in staat om te sondig nie).

In 'n vorige paragraaf wys ek daarop dat ons by die oorsprong van die sonde 'n bietjie verleë staan as ons dit eksak histories wil aantoon. Geelkerken wys reeds aan die begin van die vorige eeu daarop dat ons net soveel weet van die paradystyd (vóór sonde) as van die hemel (ná sonde), want ons kyk na hierdie twee tye vanuit ons sondige onvermoë (in sonde) (Vgl. Doubell 1999:26 e.v.).

In die lig van Geelkerken se argument sou mens kon sê dat ons altyd sal sukkel om ons presies verstaanbaar uit te laat oor die eerste en laaste fases in terme van Augustinus se onderskeiding hierbo. Vir my gevoel stuit die menslike verstand inderdaad wanneer ons ons oor hierdie twee tydperke wil uitspreek. Daarom wil ek die wese van die sonde vanuit die middelste tydperk bedink. Die mens is tans in die middelste tydperk, die bedeling waarin ons onself bevind, "nie in staat om nie te sondig nie". Dit is myns insiens die toestand waarin die mens vandag verkeer, en daaruit wil ek die wese van sonde verstaan.

By die verduideliking van die wese van sonde wil ek die beeld van wydverspreide kanker gebruik. Sonde is soos kanker en daar is 'n hele paar ooreenkomste tussen dié twee wat die wese van sonde meer verstaanbaar kan maak:

1. Soos by kanker is sonde die *gevolg van die sondeval* in die voortyd (eerste fase in terme van Augustinus se onderskeiding), en nie die gevolg van die besluit van die mens in die tyd (middelste fase by Augustinus) nie.
2. Soos by kanker is sonde *teen God se oorspronklike doel* vir die mens en sy wêreld.
3. Soos by kanker is die *sigbare gevolge van sonde* (versteurde dade en verhoudings) bloot die punt van die ysberg.

4. Soos by kanker is dit *sinneloos om die simptome van sonde te dokter* met die gedagte dat dit genesing van die sonde sal bring.
5. Soos by kanker vra sonde 'n *radikale ingreep* wat met pyn gepaardgaan. By kanker is dit bestraling of chemoterapie wat eintlik die doodmaak van kankerselle veroorsaak en met die dood van hierdie selle begin nuwe gesonde selle leef. By sonde gaan dit oor die dood van die enigste Seun van God, sodat ons in Hom kan sterf en opstaan om te leef.
6. Soos by kanker behels genesing dikwels *nie die wegvat van die letsels* van sonde nie.
7. Soos by kanker sal *volmaakte genesing eers in die ewigheid* geskied.

### 3.2.1 Die gevolge van die sondeval

Met die sondeval — so leer Genesis 3 — het daar 'n hele paar versteurings in hierdie wêreld ingekom: Versteuring in die verhouding tussen man en vrou en mense onderling (Genesis 3:7). Versteuring tussen die mens en God (Genesis 3:8). Versteuring tussen mens en dier (Genesis 3:14-15). Swaarkry en pyn in die lewe van die vrou (Genesis 3:16). Versteuring in die natuur (Genesis 3:17-18). Swaarkry, pyn, siekte en dood in die lewe van die mens (Genesis 3:19). Dit is maar net die begin van alles wat skeefgeloop het. Later kom die volle konsekwensies van die sondeval aan die lig: moord, haat, oorlog, vyandskap en eindelose natuurrampe, ongelukkigheid, trauma en 'n wrede, woeste, gebroke wêreld. Die Bybel maak nie 'n onderskeid tussen die vele gevolge van die sondeval nie. Sondigheid, swaarkry, siekte, natuurramp en die dood word in een asem genoem.

Myns insiens is dit 'n belangrike gedagte om vas te hou. Ons maak dikwels die onderskeid tussen siekte en sonde. Is alkoholisme 'n siekte of 'n sonde? Ons sou daaroor kon verskil en eindeloos daaroor kon redeneer. Vanuit bogenoemde perspektief gesien is dit egter nie werklik belangrik nie. Alkoholisme is — of dit nou 'n siekte, 'n sonde of albei is — 'n gevolg van die sondeval waaraan elke mens en die hele wêreld onderworpe is. Dieselfde soort benadering as in die geval van alkoholisme behoort gevolg te word in die geval van kleptomanie, homoseksualiteit, gebroke huwelike, psigopatie en vele meer.

### 3.2.2 Sonde en siekte is téén God se wil

God het die wêreld goed geskape, maar die sondeval het alles versteur. Sonde en siekte was nie binne sy oorspronklike bedoeling vir die wêreld nie. Sy opdrag aan die mens was duidelik en hierin het die mens 'n keuse gehad (Augustinus se eerste fase) om ook téén die wil van God te kies. Die grootste probleem in die voorsienigheidsleer is hoe God die kwaad kon toelaat as Hy dan goed en almagtig is. Die antwoorde wat teoloë hierop in die verlede gegee het, is legio (Vgl. o.a. Berkhof 1973: 223-233; Doubell 2002b:48-54 en Kuitert 1992:97-112). Vanuit die sondeleer is dit duidelik dat die kwaad (dit is siekte, ramp en sonde) die mens se keuse was.

### 3.2.3 Die simptome van sondigheid

> Wat 'n verskriklike vergissing is dit om die werklikheid van die sonde te onderskat, te dink jy het nie verlossing nodig nie, en dat jy met 'n "goed-doen"-moraliteit kan verbykom (Plantinga 2004:294).

Die simptome van sondigheid is die doen van sonde, gebroke verhoudings, hartseer, pyn en ongelukkigheid. Galasiërs 5:19-22 praat van die praktyke van die sondige natuur teenoor die vrug van die Gees. Mens sou kon praat van die vrug van die sondige natuur of die simptome van sondigheid. Dikwels hou die kerk hom besig met die bestryding van die simptome in plaas daarvan dat die kerk hom besighou met die genesing van die siekte, die antwoord op sondigheid, die verlossing van die wortel van sonde. Dit is wat Thoreau bedoel wanneer hy sê dat duisende die blare van die bose afkap terwyl net Een die wortel vernietig. Dit is ook wat Plantinga hierbo bedoel wanneer hy 'n "goed-doen"-moraliteit met 'n onderskatting van sonde in verband bring. Dit beteken nie dat die kerk bloot die evangelie moet verkondig en nie waarsku teen die simptome nie. Die geneesheer moet nie net die kanker bestraal nie, maar ook die simptome behandel. Maar indien die geneesheer hom só besighou met die simptome dat hy vergeet om die oorsaak te beveg, verlig hy die pyn, maar verloor die pasiënt. Indien die kerk en teologiese etiek so besig is om die simptome te bestry dat die verlossingsboodskap daaronder ly, is dit die gevolg van 'n onderskatting van die radikaliteit van die sondigheid van die mens.

### 3.2.4 Die verlossing uit sondigheid, 'n radikale ingreep

Dikwels besef gelowiges die grootsheid van Christus se verlossing, maar besef nie daarmee saam waarom die verlossing so radikaal moes wees nie. Christus se verlossing is so radikaal omdat sondigheid so verskriklik is. 'n Radikale versteuring vra om 'n radikale ingryping. Die grootsheid van die verlossing in Christus moet ons laat besef hoe ernstig en skrikwekkend ons sondige natuur is. Bekering van 'n lys sondige simptome is nie genoeg om ons sondigheid te behandel nie, en gewoonlik is die behandeling van die simptome van korte duur. Iemand sou hom kon voorneem om nie weer te skinder nie, nie weer te vererg nie, nie weer 'n wrok te koester nie — om dan maar net weer daarin te verval. Sondigheid is te groot, te radikaal deur ons natuur versprei, dat ons dit met goeie voornemens kan bestry. Daarom kan Paulus so treffend bely dat hy goeie voornemens het, maar altyd weer vind dat dit in sonde eindig. En kan hy uitroep en vra om hulp om hom uit hierdie doodsbestaan te red. Die antwoord wat hy kry, is "slegs aan die God die dank vir die verlossing in Christus" (Romeine 7:18-24).

### 3.2.5 Die letsels van die sonde bly sit, selfs ná die verlossing uit sondigheid

Luther praat van gelyktydig geregverdig en sondaar wees. Die "alreeds" van die verlossing is dat ons van ons sonde vrygespreek is. Die gevolg daarvan is 'n lewe van dankbaarheid, heiliging en volharding, maar nie 'n lewe sonder die letsels van die sondeval nie. Augustinus se finale fase waarin ons nie meer sondig is nie en geen sonde meer doen nie, is in die hiernamaals, en nie ná die verlossing, wedergeboorte en bekering in hierdie lewe nie. Die een wat so dink, besef nie dat sondigheid meer behels as 'n paar sondige simptome nie. 'n Mens sou bepaalde sondige gedrag kon laat staan, maar sondige denke, dade en verhoudings sal nie in hierdie lewe tot 'n einde kom nie. Die "nog nie" van die verlossing is dat die letsels van die sondeval nog sit en dat die mens vrygespreek, maar steeds sondig is. Daarom kan Jesus vir gelowiges waarsku teen die raaksien van 'n splinter in jou broer se oog, terwyl daar nog 'n balk in joune sit (Matteus 7:3). Jesus wil juis wys dat sonde meer radikaal is as wat ons dink. Dit help nie 'n mens dink dat jy egbreek vrygespring het, terwyl jy steeds met jou oë kyk en met jou hart begeer nie (Matteus 5:28). Sonde teen een van die gebooie is reeds sonde teen

die hele wet (Jakobus 2:1). Daarom waarsku Paulus teen die wat ander veroordeel omdat hul meen dat hul staan (1 Korintiërs 10:12). Daarom waarsku hy ons ook dat ons die een wat val, in 'n gees van sagmoedigheid moet ophelp én dat ons moet besef dat ons self ook kan val (Galasiërs 6:1-10). Daarom verkies Jesus die een wat sy sondigheid ken bo die een wat hom met 'n ander vergelyk, opgeblase is oor homself en die ander veroordeel (Lukas 18:9-14).

### 3.2.6 Volmaakte genesing sal eers in die ewigheid geskied

Hoewel kanker kan genees, bly die letsels daarvan lewenslank. Hoewel ons van sonde vrygespreek word, bly ons tot en met ons dood sondaars. Wie dít ontken, verval in die leer van perfeksionisme. Ons sondig steeds, ons dink steeds vanuit ons gebrokenheid, ons kyk steeds in 'n dowwe spieël, ons word steeds siek en ons sterf steeds 'n aardse dood. Wie dít ontken, verval in die voorspoedsteologie. Soos die gevolge van die sondeval in siekte, swaarkry, dorings en dissels voortbestaan tot die koms van die nuwe hemel en nuwe aarde, so bestaan sonde in ons dade en verhoudings voort tot en met koms van Christus. Soos wat gelowiges siek word, so sondig hul ook steeds. Soos gelowiges in pyn en smart bemoedig word deur die koms van 'n volmaakte wêreld, so moet gelowiges wat stry teen die sonde, bemoedig word deur die koms van die Seun van God.

## 4. DIE GEVOLGE VAN DIE SONDEVAL OP EEN LYN VERSTAAN. WAT SOU 'N ANDER FOTO VIR ONS BETEKEN?

Indien ons ophou om siekte en sonde los van mekaar te sien, sal ons besef dat 'n leer wat beweer dat gelowiges nie siek behoort te word nie, ooreenstem met 'n leer wat beweer dat gelowiges nie almal in sonde vasgevang is nie. Die leer van perfeksionisme en die voorspoedsteologie dink vanuit dieselfde dwaling, naamlik dat Christus se eerste koms alles finaal nuut gemaak het. Die nuwe aarde en die nuwe hemel breek egter eers by die tweede koms aan en eers dan sal dit die einde van alle gevolge van die sondeval wees. Sonde en siekte op een lyn verstaan as twee kante van dieselfde munt, albei gevolge van die sondeval, albei simptome van die gebroke wêreld, het verrykende gevolge vir ons verstaan van Etiek en Pastoraat.

### 4.1 Hoe beïnvloed hierdie verstaan van sonde die Etiek?

Etiek is die teoretiese studie en beoordeling van reg en verkeerd, maar dit behels ook die praktiese toepassing van etiese norme. Teoreties moet die etiek die gedrag van die mens bestudeer en beoordeel, maar in die praktyk loop ons ons vas in keuses tussen twee euwels, kompromieë en adiafora (Vgl. Douma 1988:113-142). Teoreties sou ons kon sê dat bepaalde gedrag in bepaalde omstandighede reg of verkeerd is, maar in die praktyk loop ons ons vas in die gebrokenheid van hierdie wêreld. Teoreties is beoordeling maklik, maar prakties word dit meer gekompliseerd.

Is homoseksualiteit verkeerd? Op dié vraag kom antwoorde vanuit verskillende oorde met verskillende benaderings wat uitloop op verskillende beoordelings. Indien dit korrek is, soos sommige beweer, dat die oorsprong daarvan geneties is, is dit ongelukkig, maar ’n gegewe. Indien dit ’n noodwendige gevolg van omstandighede uit ’n mens se kinderdae is, is dit jammer, maar eweneens ’n gegewene. As dit gewoon ’n keuse is wat ’n mens uitoefen, is dit sonde en moet dit bestry word. Of homoseksualiteit geneties, weens omstandighede of as gevolg van ’n eie keuse is, die uitlewing daarvan is sonde, wat bestry, beveg en vermy moet word. Hoekom dié sterk uitsprake? Want die Bybel wys deurgaans daarop dat dit sonde is, en dan volg ’n reeks Skrifgedeeltes dié argument.

Indien sondigheid egter ’n toestand is, soos ’n siekte, waaraan ons almal ly, is dit nie belangrik of homoseksualiteit geneties, weens omstandighede of as gevolg van ’n verkeerde keuse is nie, want dan is ons genetika, omstandighede en keuses so deurdrenk van sondigheid dat almal versteurd is. Indien Christus se dood en opstanding die mag van sonde, Satan en die dood breek, maar nog nie alle letsels wegneem nie, is ons almal se genetika, omstandighede en keuses versteurd. Daarom is daar nog kanker, versteurde dade, versteurde verhoudings, ’n versteurde natuur en ’n versteurde wêreld om ons. Homoseksualiteit is nie die enigste seksualiteit wat teen die volmaak geskepte natuur is nie, alle seksualiteit is. Alle dade, verhoudings, keuses en die natuur self is steeds versteurd en vasgevang in die radikale gevolge van die sondeval.

Die verkondiging van die evangelie, wat die primêre taak van die kerk is, is die oplossing vir die gebroke wêreld. Dit is die enigste oplossing.

Teregwysing is 'n sekondêre taak van die kerk, 'n taak waarmee die kerk mag besig wees met enige gelowige, nadat en slegs nadat die primêre taak afgehandel is. Teregwysing moet egter in liefde geskied, bewus van die eie balk in die oog, bewus van die gebrokenheid van die self, versigtig in die wete dat die een wat teregwys, self ook kan val en in ander opsigte geval het, besig is om te val en gaan val tot en met die wederkoms. Om pynlik bewus te wees van jou eie gebroke genetika, omstandighede, verhoudings en keuses, maak jou versigtiger om vinger te wys en meer gretig om begrip te toon en in liefde op te help. Om bewus te wees van die feit dat jy self in sonde verstrengel is, maak jou bewus van die feit dat jy nie uit die hoogte ophelp nie, maar saam van onder af probeer opstaan. Gelukkig lê ons verlossing nie in die suksesvolle opstaan uit die sondigheid nie, maar in Christus se suksesvolle betaling daarvoor en sy vernietiging van die mag van die sonde. Die verbreking van die mag van die sonde behels nie dat ons nie meer sondig nie, maar dat sonde nie meer die tweede dood vir die wat in Christus is, kan veroorsaak nie.

## 4.2 Hoe beïnvloed hierdie verstaan van sonde die Pastoraat?

In die Pastoraat beteken hierdie verstaan van die sonde dat die pastor, in Nouwen (1979:82-94) se woorde "'n wounded healer is" — een wat bewus is van sy eie gebrokenheid en deernis het met die een wat hy pastoraal versorg. Bewus van die feit dat hy gebroke is én begenadig, geregverdig én sondaar, moet hy begin deur te besef dat die een voor hom sonder twyfel gebroke en sondaar is, maar nie noodwendig begenadig en geregverdig nie. Daarom moet hy vóór hy begin met sy sekondêre take soos teregwysing, sorg, vermaning en leiding eers uitkom by sy primêre taak om die goeie nuus met die gebroke sondaar te deel. Dit verg 'n bietjie selfonthulling en dit behels die erkenning dat die pastor ook vasgevang is in die greep van die gebrokenheid. Vanuit dié erkentenis dat die pastor 'n gebroke sondaar is, vloei die liefdesdiens van begrip, deernis, empatie en sorg. Met só 'n pastor kan enige sondaar identifiseer en by só 'n pastor sal ek aanklop as ek vasgevang voel in dieselfde web waarin hy hom bevind.

Alkoholiste vind dikwels meer raad, begrip en hulp by 'n sober alkoholis wat die pad ken as by 'n sielkundige wat die boek gelees het. Pastoraat mag uit hierdie hoek van die sondeleer nooit slegs die geleerde

kennis van die handboek wees nie, maar ook die ervare kennis van 'n gewonde geneesheer. As Pastoraat só lyk, is die eerste vrug van die Gees reeds sigbaar, naamlik die liefde.

# BIBLIOGRAFIE

AALDERS G C H

1932. *De Goddelijke openbaring in de eerste drie hoofdstukken van Genesis*. Kampen: J.H. Kok.

BERKHOF H

1973. *Christelijk geloof*. Nijkerk: Callenbach.

CHILDS B S

1985. *Old Testament theology in a canonical context*. Philadelphia: Fortress.

DOUBELL F B

1999. Woord van God of woord oor God — op soek na 'n eietydse Skrifmodel. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: UV.

2002a. *Systematic theology*. Bloemfontein: Druforma.

2002b Voorsienigheid, persoonlikheid en spiritualiteit – 'n vier-kantige voorsienigheidsleer. *Essentialia et Hodierna. Acta Theologia Supplementum* 3:48-65.

DOUMA J

1988. *Verantwoord handelen*. Kampen: Berg.

HEYNS J A

1988. *Dogmatiek*. Kaapstad: NGKB.

JOUBERT S

2001. Sonde, die stryd teen stukkende verhoudings. In: P. Meiring *et al.*, *So glo ons*. Vereeniging: CUM.

KÖNIG A

1988. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink. Deel 4. Oor die wese van die mens en die sonde*. Kaapstad: NGKB.

2001. *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra*. Wellington: Lux Verbi. BM.

KUITERT H M

1992. *Het algemeen betwijfeld christelijk geloof*. Baarn: Ten Have.

NOUWEN J M
1979. *The wounded healer*. London: Darton, Longman & Todd.

OOSTERHOFF B J
1972. *Hoe lezen wij Genesis 2 en 3?* Kampen: Kok

PLANTINGA C
2004. (Aanhaling uit) *Die groot aanhalingsboek*. Wellington: Lux Verbi.BM.

VAN GENDEREN J & VELEMA W H
1992. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen: Kok.

VON RAD G
1972. *Genesis. A commentary*. London: SCM. OTL.

WILLIAMS BK
2005. *Ministering graciously to the gay and lesbian community*. Shippensburg: Destiny Image.

*Trefwoorde*
Dogmatiek
Sondeleer
Homoseksualiteit
Etiek
Pastoraat

*Keywords*
Systematic Theology
Doctrine of sin
Homosexuality
Ethics
Pastoral therapy